**Dinsdag 12 Desember**
**Skrifgedeelte: Lukas 7:11-17**
**Fokusgedeelte: Lukas 7:13 (AFR83/2020)**
**Die Here wek ons op om te lewe**

Twee paaie kom mekaar tegemoet – een wat die dood dra en die ander wat die Lewe het. Die enigste jong seun van die weduwee is op die een pad met sy gevolg van trane, en die op die ander pad is die Een wat lewe gee met sy gevolg van dissipels en ’n hele menigte mense. Die pad wat na die dood lei, ontmoet die pad wat na die lewe lei.

Die lewe kom gewoonlik tot stilstand wanneer die dood verbykom, maar wanneer die dood voor Jesus, die opstanding en die lewe (Joh. 11:25), staan, dan is dit die dood wat tot stilstand kom. Omdat Christus mag het oor lewe en dood, verander Hy die dood in lewe. Hy beveel die jong man om uit die dood op te staan. Hy is Here – Here wat die mag het en alles behoort aan Hom. Daar waar die Here regeer, kan selfs nie eers die dood die finale sê hê nie.

Christus het aan die kruis al die dinge waarvoor ons veronderstel is om die dood te verdien, op Hom geneem en Hy het ons verdiende dood verander in onverdiende lewe. Hy Self het opgestaan uit die dood sodat ons nou werklik kan leef. Daar waar ons eintlik op pad is na ons eie dood, verander Hy daardie pad na een wat na Hom op pad is – na die Lewe toe. Christus het ons opgewek tot ’n nuwe lewe – nou al, elke dag. Ons nuwe lewe beteken dat ons nou reeds leef soos opgewekte gelowiges. Ons kan dus nie aanhou bly lê op die draagbaar op pad na ons begrafnis toe nie, ons stap ywerig, agter Christus aan op die pad die lewe.

*Sing: Psalm 146-1:4, 8*

*Ds. J Cronje (Jaco) (Bloempark)*